Die tyd het aangebreek om die waterreëls na te kom



HET JY GEWEET DIE STAD HET NOU TWEE NUWE VERORDENINGE OP WATER?

'n Verordening op Water en 'n Verordening op Afvalwater en Nywerheidsuitloop is op 1 September 2006 afgekondig. Benewens die permanente besparing van 10% as gevolg van die beperkende maatreëls vervat in 'n wateraanvraagbestuurskedule, is daar 'n paar ander aspekte wat jy moet nakom, maar waarvan jy miskien nie weet nie.

CITY OF CAPE TOWN | ISIXEKO SASEKAPA | STAD KAAPSTAD

HIERDIE STAD WERK VIR JOU

1. VERORDENING OP WATER

Die Verordening op Water sal sorg dat drinkwater met die nodige agting en sorg gebruik word, 'n verandering in gedrag aanmoedig en verseker dat "waterbesparing 'n leefwyse" is. Waterbeperkings is tydelike maatreëls om te verseker dat daar gedurende tye van ernstige watertekort, billike en voldoende voorsiening van waterhulpbronne aan almal is. Verordeninge is egter 'n permanente deel van ons lewens en ons moet almal bewus wees van ons verantwoordelikhede ingevolge die verordeninge.

Geen persoon mag uit nalatigheid of doelbewus water mors nie, deur òf uit nalatigheid òf doelbewus toe te laat dat water uit aansluitwaterpasstukke afgevoer word; toelaat dat pype of waterpasstukke lek; passtukke gebruik wat verkeerd aangepas of foutief is; toelaat dat water onophoudelik oorloop; water op 'n ondoeltreffende wyse gebruik of toelaat dat onoordeelkundige waterverbruik voortduur.

'n Opgeleide en geakkrediteerde loodgieter moet alle installeringswerk doen en die onus rus op die eienaar van die eiendom om te verseker dat die installeringswerk deur 'n opgeleide loodgieter gedoen word en om hierdie Verordening na te kom.

Alle eienaars en verbruikers moet die goeie waterbewarings- en aanvraagpraktyke soos uiteengesit in Bylae 2 van die Verordening nakom.

Wateraanvraagbestuurskedule

Bylae 2 bevat agtien punte. Alhoewel al agtien punte belangrik is, volg hier 'n keuse van die belangrikstes wat verkort en herskryf is om meer gebruikersvriendelik te wees.

- As 'n tuin, sportterrein, park of ander area waar gras geplant is met drinkwater en met 'n tuinslang natgemaak word, doen dit asseblief voor 10:00 of ná 16:00. 'n Beheertoestel soos 'n besproeier moet daaraan geheg wees.
- 'n Outomatiese selfsluittoestel moet geheg word aan tuinslange wat gebruik word om motors, bote en woonwaens te was.
- Kommersiële motorwasbedrywe moet 'n minimum van 50% van die water wat in hul werksaamhede gebruik word, herbenut.
- Drinkwater mag nie gebruik word om bousand en ander materiaal nat te maak om te verhoed dat dit wegwaai nie.
- Toiletspoelbakke se kapasiteit mag nie 9.5 liter oorskry nie.
- Die maksimum vloeisnelheid uit enige stortkop mag nie 10 liter per minuut oorskry nie.
- Die maksimum vloeisnelheid uit enige kraan wat in 'n wasbak geïnstalleer is, mag nie 6 liter per minuut oorskry nie.

2. VERORDENING OP AFVALWATER EN NYWERHEIDSUITLOOP

- Geen uitloop van reënwater in die riool word toegelaat nie.
- Die wegdoening van onkruiddoders, insekdoders, motor- en groente-olie, suur, verf, organiese vlambare oplosmiddels (terpentyn, verdunners, ens.) in die riool- en vloedwaterstelsel is ontoelaatbaar.
- Wegdoening van die bogenoemde kan gereël word deur in verbinding te tree met die Stad se vaste-afvalbestuurstak by 021 487 2911.
- Skoonmaak van verstopte private riole kan op die eienaar se koste met die Raad gereël word.
- Skoonmaak van verstopte private riole as gevolg van 'n fout of verstopping in die munisipale rioolstelsel sal gratis deur die Raad gedoen word.

Lees gerus die volledige verordeninge op die Stad Kaapstad se webwerf by www.capetown.gov.za/water. Verdere inligting oor die nuwe verordeninge op water is beskikbaar by waterdienste se tegniese bedryfsentrum by 0860 10 30 54 of e-pos: WaterTOC@capetown.gov.za